higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4

(8021004)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Artikel 84(2)(j) van die Strafproseswet 51 van 1977 gee aan die President die bevoegdheid om te begenadig.

1.2 'n Jeugdige onder die ouderdom van 14 jaar kan nie om verlof tot appèl aansoek doen nie.

1.3 Die Hoofregter is die hoogste gesag in howe.

1.4 Om die getuienis van getuies aan te hoor is een van die redes waarom 'n beskuldigde in die hof teenwoordig moet wees.

1.5 'n Regter kan ingevolge 'n visenteringslasbrief 'n beslaglegging laat uitvoer.

1.6 'n Polisiebeampte wat sonder gesag optree om te visenteer of beslag te lê is skuldig aan 'n oortreding.

1.7 'n Jeugdige wat in hegtenis geneem word, kan in die sorg van die ouer vrygelaat word.

1.8 Die hof kan beveel dat 'n boete in paaiemente betaal word.

1.9 Die tydperk vir verlenging van 'n petisie is 14 dae.

1.10 Artikels 58 tot 71 van die Strafproseswet 51 van 1977 handel oor die aspekte van 'n verhoor.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 In (*S v Zinn* 1969(2) SA 537 (A)/*S v Roman and Others* 1994(1) SASV 436 (A)) het die hof beslis dat die beskuldigde nie die reg kan prysgee om by strafregtelike verrigtinge teenwoordig te wees nie.

2.2 Artikel (20/21) van die Strafproseswet 51 van 1977 stel die polisie in staat om op drie klasse artikels beslag te lê.

2.3 (Doodstraf/Teregwysing) is 'n toepaslike vonnis ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977.

Kopiereg voorbehou

2.4 Artikel (309/390) van die Strafproseswet 51 van 1977 handel oor appèlle deur ’n persoon wat in ’n laerhof skuldig bevind is.

2.5 Die (Hoë Hof/streekshof) kan bevoegdhede van kwasigeregtelike liggame hersien.

2.6 (14/21) dae is die periode waarin ’n petisie gerig word ná weiering van verlof tot appèl.

2.7 Die (Handves van Regte/Strafproseswet) bepaal die reëls gedurende ’n verhoor.

2.8 Die (misdaad/triade) is een van die drie oorwegings wanneer ’n vonnis opgelê word.

2.9 ’n (Regter/Landdros) is die enigste een wat ’n skriftelike kennisgewing van appèl kan gee.

2.10 Die uitvoering van ’n vonnis word (opgeskort/nie opgeskort nie) hangende hersiening.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Skulderkenningsboetes	A	deursoeking van gearresteerde persoon en beslaglegging op artikel
3.2	J32	B	in ’n plek van veiligheid
3.3	Artikel 20 van die Strafproseswet 51 van 1977	C	uit eie beweging
3.4	Artikel 23 van die Strafproseswet 51 van 1977	D	mag nie herhalend wees nie
3.5	Bylae 6-misdaad	E	subpoena in strafregtelike verrigtinge
3.6	Vrylating van jeugdige	F	die audi alterem partem-reël
3.7	*Mero motu*	G	straf ten opsigte van ’n jeugdige
3.8	*S v Gerbers* 1997(2) SASV 601 (HHA)	H	om die beskuldigde toe te laat om nie in die hof te verskyn nie
3.9	*S v Nkosi* 2000(2) SASV 709 (A)	I	onsedelike aanranding
3.10	*S v Makriel* 1986(3) SA 932 (K)	J	daar mag op drie klasse artikels beslag gelê word
		K	die reg om ’n aksie in te stel
		L	getuienis te lewer deur middel van geslotekringtelevisie

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik inhegtenisneming sonder lasbrief deur ’n private persoon ingevolge artikel 42 van die Strafproseswet 51 van 1977. (6)

4.2 Bespreek die interaktiewe rolle van die Handves van Regte en die reg ten opsigte van die beperkings op strafprosesregtelike bevoegdhede. (7)

4.3 Beskryf die bevoegdhede van ’n polisiebeampte wanneer hulle met verset teen betreding of deursoeking te doen kry, soos gestipuleer in artikel 27 van die Strafproseswet 51 van 1977. (5)

4.4 Verduidelik een van die vereistes vir ’n bekentenis om toelaatbaar te wees, soos gestipuleer in artikel 217 van die Strafproseswet 51 van 1977. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

MAN MOET 20 JAAR IN TRONK DEURBRING VIR DIE MOORD OP DIE MOEDER VAN SY KIND

DURBAN: 26 Mei 2022 – Op 7 Julie 2019 om 06:00 was Noliswa Nhleko (22) by haar huis in Mthelekisistraat in Ntuzuma met haar vierjarige dogter toe die vader van haar dogter, Mduduzi Mdukani (35), die deur en venster gebreek het, en haar met ’n stuk hout en ’n betonpaal op die gesig en kop aangerand het ná ’n huishoudelike geskil. Haar dogter, wat die voorval gesien het, het na haar ouma gehardloop om hulp te soek. Die moeder het op die toneel aan haar beserings beswyk.

’n Saak van moord is vir ondersoek by die Ntuzuma-polisiekantoor geopen. Mdukani het die gebied verlaat en in Gauteng gaan skuil. In September 2019 het die polisie na Guateng gegaan en die beskuldigde vir moord gearresteer. Hy het in die Ntuzuma-landdroshof verskyn en het daar in aanhouding gebly. Op 20 Mei 2022 is hy tot 20 jaar gevangenisstraf deur die Ntuzuma-streekshof gevonnis.

[Vertaal uit: *The SAPS Media,* 26 Mei 2022]

5.1.1 Bespreek die jurisdiksie met betrekking tot vonnisoplegging van ’n streekshof. (3)

5.1.2 Verduidelik die vorm van getuienis wat tydens sy verhoor teen die beskuldigde gebruik is. (3)

5.2 Verduidelik *vermoede van onskuld* soos in artikel 35(3)(h) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, gestipuleer. (4)

5.3 Spesifiseer die vereistes waaraan voldoen moet word rakende die aflegging of die lewering van getuienis via geslotekringtelevisie. (5)

[15]

VRAAG 6

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

VERDAGTE IN HEGTENIS GENEEM VIR BESIT VAN GESTEELDE MOTORVOERTUIG

Nelspruit: 19 Mei 2022 – Donderdag 19 Mei 2022 omstreeks 10:30 by Komatipoort.

Volgens die verslag was polisielede van die Komatipoort K9-eenheid besig met hul normale pligte. Terwyl hulle patrollies by Hectorspruit gedoen het, het hulle 'n verdagte voertuig, 'n silwergrys Jaguar XF, met twee manlike insittendes opgemerk.

Die genoemde voertuig het na bewering Mosambiekse registrasienommerplate gehad, maar toe die uitgeslape lede die egtheid daarvan nagegaan het, het hulle besef dat dit in Januarie 2022 by Meyerton (in Gauteng-provinsie) as gesteel aangemeld is. Die twee, onderskeidelik 34 en 24 jaar oud, is daarna in hegtenis geneem en aangekla van besit van vermeende gesteelde eiendom. Die voorlopige ondersoek het sedertdien openbaar dat die twee verdagtes Mosambiekse burgers met paspoorte is. Toe hulle deur die polisie aangekeer is op die N4, was hulle op pad na Mosambiek. Die twee het môre, 20 Mei 2022, hul eerste hofverskyning by die Komatipoort Landdroshof, met betrekking tot die genoemde aanklagte.

[Vertaal uit: *The SAPS Media,* 19 Mei 2022]

6.1 Verduidelik die prosedure wat ingevolge artikel 50 van die Strafproseswet 51 van 1977 gevolg moet word om die twee verdagtes in hegtenis te neem. (5)

6.2 Verduidelik die stelling "die twee het hul eerste hofverskyning". (4)

6.3 Bespreek die gronde wat vasgestel moet word indien die belang van die regspleging nie die vrylating van die verdagte op borgtog ingevolge artikel 60(4) van die Strafproseswet 51 van 1977 toelaat nie. (6)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 Verduidelik wat die Staat ingevolge artikel 51 van die Strafproseswet 51 van 1977 moet bewys ten einde ’n persoon aan ’n oortreding skuldig te laat bevind indien ’n persoon uit regmatige aanhouding ontsnap. (4)

7.2 Bespreek die prosedure wat deur die hof gevolg moet word as die beskuldigde in ’n landdroshof skuldig pleit op ’n aanklag beregbaar in ’n hoër hof ingevolge artikel 121 van die Strafproseswet 51 van 1977. (4)

7.3 Beskryf die tipe inligting wat deur die hof vereis word voordat ’n beskuldigde gevonnis word. (5)

7.4 Bespreek die beginsels van privilegie van ’n informant soos in artikel 202 van die Strafproseswet 51 van 1977 gestipuleer. (7)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou